

## **Aanddiens 21 November**

### **Reis saam deur ons gebed stasies:**

#### **Benodighede**

- Hierdie Dokument
- 'n Pen of potlood en papier om saam te reis of gedagtes neer te pen
- 'n Kers en vuurhoutjies of 'n aansteker
- 'n Bak met water en 'n klippie (groot genoeg om albei jou hande gelyk in te plaas)

**Hierdie jaar was 'n uitdagende jaar. Ons het moes opnuut saamleef met Covid 19. Die derde vlaag het ons ontwrig. Besighede het swaar getrek, mense het trauma beleef. Sommiges moes familie en vriende groet en ander moes leer om mekaar te dra meer as ooit. Nie te min het ons die jaar deur gemaak. Ons is amper op die einde van 2021 en ons kan op niet getuig dat die Here se genade is groot, Sy liefde is onvoorwaardelik en die Hoop wat Hy bring is 'n ewige hoop**

**Tydens ons aanddiens gaan ons die Here loof met lofsang maar ons gaan ook hierdie jaar probeer af sluit met vier gebed momente.**

**Hierdie momente het geen volgorde nie en jy kan op jou eie tyd na verskillende stasies beweeg. Jy kan ook na verskillende plekke op die dokument spring.**

#### **Loof die Heer:**

Luister saam na ons lofsang, sing tot eer van God.

**Aksie:** Lees hierdie woorde 'n paar maal op jou eie en omkring of merk woorde wat vir jou uitstaan:

“Jesus U is my Morester

Herder Redder, my vesting sterk.

U het die Naam bo alle name,

Hier is my lewe, hier is alles.

Met my hart, met my siel, met my woorde kom ek kniel.

Halleluja sal my lewe sing.

Laat my wil, laat my vlees, laat my gedagtes Heilig wees.

Halleluja sal my lewe sing”.

**(Lied: Met my hart – Retief Burger)**

## 1. Gebruik die vinger Labirint om te bid

- ◆ Sit gemaklik, word stil en raak bewus van God se teenwoordigheid. Haal diep asem, bid en gee jouself oor aan God.
- ◆ Wanneer jy gereed is, gebruik die wysvinger van die hand waarmee jy nie skryf nie, en volg stadig die labirint se paadjie. Laat jou innerlike gedagtes spontaan na die oppervlak kom. Wees bewus daarvan dat die Gees altyd by jou is op jou reis.
- ◆ Staan stil vir 'n tydjie in die middel van die labirint en reflekteer oor jou gedagtes. Watter dinge moet jy agterlaat of vir God gee? Deel dit met God in gebed. Ontvang Jesus se vergifnis, liefde en seën.
- ◆ Wanneer jy weer terugkeer met dieselfde paadjie, fokus op dankbaarheid en lof aan die Here en op dit waarheen God jou stuur.



## **2. Steek 'n kers aan en bid vir mekaar:**

In Jak. 5:16 lees ons “Bid vir mekaar” Dit bly een van die belangrikste maniere waarop ons aan mekaar gebind bly, deur vir mekaar te bid. Hoe wonderlik is dit nie as jy hoor dat iemand vir j<sup>o</sup> bid en jou naam voor die Here noem nie. Soms het jy nie krag om vir jouself te bid nie en ander gelowiges tree vir jou in.

**Aksie: Steek 'n kers aan en bid vir iemand wat jy weet swaarkry, of iemand wat die Gees op jou hart plaas. As jy vanaand by die huis kom of van die huis af inskakel, kan jy na die diens vir die persoon 'n boodskap stuur met die woorde: “Ek bid vanaand vir jou”.**

## **3. Die Here bring Hoop – ons bou saam die Koninkryk van God met hierdie hoop.**

**Rom. 15:13:** “En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!”

**Aksie: Neem 'n papier en teken 'n piramide of 'n paar bakstene op mekaar: Skryf in elke baksteen iets wat jou hoop gee vir die toekoms. Herinner jouself dat jy hierdie hoop moet leef en dat jy ook 'n ligdraer is in jou eie gemeenskap.**

## **4. Die Here vergewe ons en help ons om ons laste te dra**

**Lukas 6:37.** “Moenie oordeel nie, en jy sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en jy sal nie veroordeel word nie. Vergewe, en jy sal vergewe word.”.

Is daar iemand vir wie jy nou moet vergewe (dalk oor iets wat onlangs of lank gelede gebeur het)?

**Aksie: Neem die bak water en dink aan die persoon en neem 'n wit klippie. Plaas die klippie in die water en vra vir God die krag om hom/haar te vergewe.**

**Matt. 11: 28.** “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”.

**Aksie: Water maak ook swaar dinge lig – as daar iets is wat te swaar is vir jou om te dra in jou lewe, bv. Finansiële uitdagings, siekte, angs, depressie, verlange en dood. Neem 'n klippie en gooi dit in die water en weet – die Here dra jou laste – jy is nie alleen nie.**

Hou jou hand vir 'n rukkie in die water, voel, ervaar, oordink, beleef die skoonheid en reinigings krag van die water.

**Seën: Mag die Here jou seën en by jou wees.**

